




# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 2 SEPTEMBER 2018**

*"Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here". (Romeine 7:24-25a)*

## PROGRAM VIR VANDAG



**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Instituut vir Dowes.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoom- blik in die diens. Gr 10 vergader 10:00 in die kerksaal. Gr 9 en 11 vergader soos deur die dominee gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** *Geloofsgelofte-offers word vandag gedoen.* Om 09:00 in kerkgebou (Aflos) en in Vleesbaai (Aflos).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Sending in Mosambiek, Malawi en Zimbabwe.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoom-blik in die diens. Gr 10 vergader nie vandag nie—ds Danie is uitstedig. Gr 9 en 11 vergader soos deur die dominee gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerk-kantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**Ds Danie:** Maandag 15:00 (Santos 2 sitkamer) en Dinsdag 09:30 in die kerk.

**Ds Robert:** Dinsdag 09:00 te 17de Laan 18 en 19:00 Tienie Bothastr 3. Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei.

**Ds André:** Dinsdag om 09:30 in die saal. Woensdag selgroep om 18:30 te Boekenhoutstr 8.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms 17:30 in die konsistorie —vir lede van die gebedsketting en enige ander lidmaat.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds André).

**Donderdag:** Manne bid om 06:00 in die saal.

**BANKBESONDERHEDE**

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*

*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** September is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEURKOLLEKTE:** Spesiale offer vir Blommekomitee was R1726-10.

**BEWYSE ONTVANG:** Jacoba F Treurnicht (Kenani) vanaf Groot-Brakrivier. Hartlik welkom!

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**PITLOSE ROSYNE:** Te koop by die kerkkantoor @ R25/500g en R50/kg.

**70 PLUSSERS TEE:** Vind plaas op 19 September om 15:00. Ons benodig gasvrouens. Indien u bereid is om te help, kontak die kerkkantoor.

**LENTEDANKFEES:** Baie dankie aan almal wat hard gewerk het, ondersteun het, bydraes geskenk het! Danksy almal se hulp kon ons 'n goeie basaar hê! Ons wil vertrou dat almal ook die heerlike saamkuier geniet het. Ons volgende geleentheid is DV die HAP & KRAP op 3 November.







**VLEISTAFEL:** Baie dankie vir elke kontant donasie. Dankie aan elkeen wat kom help het om die vleis te verwerk. Ons het 400kg bees, 200kg volstruis en 100kg koedoe verwerk.

**INSTITUUT VIR DOWES:** (deuroffers) is in 1881 deur die kerk tot stand gebring om vir Dowes taal te gee, sodat hulle ook die boodskap van Jesus Christus kon ontvang. Dowes word ook as predikante en pastore opgelei om die meer as 400 000 onbereikte Dowes in Suid-Afrika te bedien met die Woord. Volwasse meervoudig-gestremde Dowes ontvang vaardigheids-ontwikkeling. Twee tehuise vir bejaardes op Worcester en in Bellville skep 'n veilige gemaklike omgewing vir Dowes asook liggaamlik gestremde Dowes en Doofblinde persone. Twee skole, De la Bat en Nuwe Hoop sorg vir dowe kinders se opleiding. Bid dat al die Dowes in Suid-Afrika ook die geleentheid sal kry om die boodskap van verlossing in hul eie taal, Gebaretaal, te ontvang.



# GEBEDSBULLETIN

**Tema vir September: ONS BEPROEWINGE**

**Hierdie week se GEBED EN SMEKING:**

* Herlewing - in ons huise, gemeentes, dorp en land.
* Om die Here se hand raak te sien te midde van beproewinge/swaarkry.
* Bid vir mense op ons gebedslys en ander wat u ken wat siek is.
* Siekes wat hoop verloor het. Mense wat nie mediesefondse het nie.
* September is kinder-kanker-bewustheidsmaand. Bid vir kinders met kanker, dra hulle ouers en grootouers aan die Here op; bid dat hulle nie pyn en ongemak sal hê nie. Bid vir 'n bewustheid van die Here se liefde en dat hulle steeds vreugde en hoop sal hê.
* Onsekerheid tov landsake; 2019 verkiesing.
* Droogte - vertrou die Here vir uitkoms in ons distrik asook in die OosKaap en Karoo.

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Lees Jak 1:2-4 en dank die Here daarvoor.
* Die kerk se werk tov Barmhartigheid - spesifiek aan dowes.
* Lidmate se diensbaarheid in bedieninge (soos die eiendomme).
* Lidmate se toewyding en offervaardigheid (Dankfees).
* Sagte reën wat geval het.

**PERSOONLIK:**
Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Fynbosrand se siekeboeg, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Dennis Viljoen Santos Haven, Jan Cronjé Sederstr, Helen Jooste Gholflandgoed, Jan van der Merwe Hartenzicht, Mitch Lareman, kleinkind van Hannes en Cecil le Roux Fijnboschpark

